SA-eDUC JOURNAL Volume 1, Number 1, pp.1-5
30 August 2004

SA-eDUC: Die missie en *raison d'être* van 'n nuwe Opvoedkunde vaktydskrif

C.C. Wolhuter (Redakteur)
Fakulteit Opvoedingswetenskappe, Noord-Wes Universiteit
sooccw@puknet.puk.ac.za

Abstract:
SA-eDUC: Mission and *raison d'être* of a new Education journal. As a number of Education journals already exist in South Africa, the question could be asked why the need for yet another. I attempt to explain the need for an electronic Education journal: firstly, for both novice and seasoned researchers and, secondly, as a communication channel between education scientists and practising educators. The format of the journal is explained, and researchers are invited to submit manuscripts .

Zusammenfassung:
Der Auftrag und Rechtferdigung einer neuen Zeitschrift über Erziehungswissenschaft
Da in Südafrika bereits zahlreiche pädagogische Zeitschriften bestehen, könnte die Frage auftauchen, was der Grund dafür sei, eine neue pädagogische Zeitschrift zu gründen. Dieser Artikel möchte das Bedürfnis zur Einführung von SA-eDUC und die Zwecke einer elektronischen Zeitschrift darstellen, nämlich sowohl ein Ausbildungsbereich für Neulinge und Anfänger-forscher als auch ein Verständigungskanal zwischen Wissenschaftlern und praktizierenden Lehrern auf elektronische Art und Weise zu sein. Das folgerichtige, weitblickende Format der Zeitschrift ist somit verdutlich und Forscher werden gebeten, Manuskripte vorzulegen.

Doel van artikel

Met die verskyning van 'n nuwe Opvoedkundetydskrif, kan die vraag tereg gevra word wat die sin en funksie van sodanige tydskrif is, veral te midde van die teenwoordigheid van 'n aantal reeds bestaande Opvoedkundige tydskrifte in Suid-Afrika. Die doel van die artikel is om die nis en *raison d'être* van SA-eDUC te verduidelik. Ten aanvang word die funksie van wetenskaplike vaktydskrifte bespreek, gevolg deur 'n oorsig oor die bestaande Suid-Afrikaanse wetenskaplike tydskrifte, veral Opvoedkundetydskrifte. Vervolgens word die navorsingsuitset in Suid-Afrika, veral op die gebied van Opvoedkunde in oënskou geneem. Op grond van leemtes in die beskikbare Opvoedkunde tydskrifte aan die een kant, en aan die ander kant, probleme wat opvoedkundiges ondervind om hulle publikasieuitset te verhoog , word die bestaansrede van SA-eDUC geregverdig en sy taak gedefinieer. Laastens word die formaat van die nuwe tydskrif dan bekendgestel.

Die funksie van vakwetenskaplike tydskrifte

Wetenskaplike vaktydskrifte dien, saam met verhandelinge, tesisse, boeke, navorsingsverslae en -monografieë, en referate op wetenskaplike kongresse, as die fora vir die verspreiding van navorsingsresultate, en as kanale vir kommunikasie tussen wetenskaplikes. Die opskryf van navorsingsbevindinge en die verspreiding daarvan is 'n onweglaatbare komponent van die standaard navorsingsproses. Weerhouding van navorsingsresultate is selfsugtig; dit vertraag die vooruitgang van die wetenskap en verydel die doel van die wetenskap om die mensdom te dien.

Van al die gemelde verspreidingskanale van navorsing is vaktydskrifte (of dan ten minste eweknie geëvalueërde vaktydskrifte) die hoogste gegradeer (De la Rey, 2002). Dit kan sekerlik toegeskryf word aan 'n produk van faktore soos

- die kontinue en vinnige verskyning van opeenvolgende tydskrifvolumes (in vergelyking met die eenmalige verskyning en relatiewe lang tyd wat dit neem voor 'n boek die lig sien) wat die tydskrif 'n meer vaartbelynde medium maak om die wetenskaplike gemeenskap op hoogte van die nuutste ontwikkelinge op die navorsingsvoorposte te hou;
- die sneller, goedkoper en meer omvangryke verspreiding van tydskrifte (vgl. bv. universiteite en navorsingsinstitute wat op tydskrifte ingeteken is), wat dieselfde voordeel inhou; en
- die stelsel van blinde eweknie-evaluering (waaraan selfs nie eens doktorale tesisse onderworpe word nie) wat die hoogste moontlike standaarde verseker.

Navorsing is 'n basiese aktiwiteit van die adademiese professie. Saam met onderrig en gemeenskapsdiens is navorsing nog altyd een van die drie funksies van die universiteit. Dit is immers deur navorsing dat die vakwetenskaplike op hoogte van die literatuur en die nuutste vordering op sy terrein bly (*cf.* Goldsmith *et al.*, 2001:186). Empiriese studies toon 'n positiewe korrelasie tussen akademiese onderrigkwaliteit en navorsingsuitset (*cf.* Feldman (1989) se oorsig oor sodanige studies aan 17 universiteite in die VSA; Lee & Wolhuter (2002) se empiriese studie aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit).

As gevolg van die rol van navorsing as essensiële aktiwiteit van die akademiese professie, en vaktydskrifte se plek as mees gesogte disseminasiemeduim van navorsingsresultate, is publikasies in vaktydskrifte 'n hoogs gewaardeerde faset van die werk van die akademikus.

Suid-Afrikaanse vakwetenskaplike tydskrifte

Tans word ongeveer 1 700 vakwetenskaplike tydskrifte van Suid-Afrika gepubliseer (De la Rey, 2003). Slegs 282 verskyn op SANSO se lys van geakkrediteerde tydskrifte, en slegs 26 verskyn op die ISI (International Science Index) se lys van 8 500 geakkrediteerde tydskrifte (*ibid.*).

Op die terrein van Opvoedkunde bestaan daar drie SANSO-geakkrediteerde tydskrifte. Die *South African Journal of Education*, wat vier keer per jaar verskyn, het verlede jaar 139 voorleggings ontvang. *Perspectives in Education* verskyn eweneens vier keer per jaar, waarvan drie geteikende uitgawes (in totaal gewy aan spesifieke temas) is. Die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Hoër Onderwys* verskyn twee keer per jaar.

Naas die tydskrifte bestaan daar ook vier fakulteitstydskrifte. *Educare* aanvaar slegs voorleggings vanaf personeellede van die Fakulteit Opvoedkunde van die Universiteit van Suid-Afrika. *Paidonomia* van die Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit van Zoeloeland het laas in 1996 verskyn, as gevolg van 'n afwesigheid van voorleggings. Die Fakulteit Opvoedkunde van die Randse Afrikaanse Universiteit publiseer *Education and Change* en die Departement Opvoedkunde aan die Universiteit van Natal (Pietermaritzburg) *Journal of Education*.

Die navorsingsuitset aan Suid-Afrikaanse universiteite

Die rol van navorsing in Suid-Afrika kan moeilik oorskat word. Die totstandbrenging van nuwe kennis is essensieel vir die land in sy strewe om kompeterend te bly met betrekking tot die res van die wêreld (Smit, 1989:24). Die navorsingspoel van Suid-Afrika is, in vergelyking met die van voorste lande in die wêreld, betreklik klein. Suid-Afrika het 1 031 navorsers per miljoen bevolking, teenoor die 2 719, 3 676, en 2 110 van onderskeidelik Kanada, die VSA, en Nederland (UNESCO, 1999). Dat Suid-Afrika 'n beperkte getal navorsers het, onderstreep die belangrikheid van die navorsersrol van akademici.

Die enkele studies wat wel 'n vergelyking tref tussen die navorsingsuitset van Suid-Afrikaanse akademici en hulle buitelandse eweknieë (Marais *et al*., 1988; Mwamwenda, 1987) kom tot gunstige gevolgtrekkings. Die navorsingsuitset aan Suid-Afrikaanse universiteite het egter in onlangse jare begin afneem. Die totale getal SANSO-eenhede van die navorsingsuitsette oor alle Suid-Afrikaanse universiteite het in 1996 5 502.95 beloop, maar teen 1998 gedaal na 5 029.50 (Anon, 2000). Alhoewel stawende statistiek nie beskikbaar is nie, vermoed die skrywer dat die navorsingsuitset aan Opvoedkundefakulteite buitengewoon laag is. Aan 'n histories blanke universiteit, waarmee die skrywer goed bekend is, beloop die navorsingsuitset aan die Opvoedkundefakulteit tans 0.2 SANSO-eenhede per akademiese personeellid per jaar, teenoor 0.45 vir die universiteit as geheel.

Opvoedkundefakulteite het verder vele beginnerakademici met geen navorsingservaring nie. Skoolonderwys, die hoofbron van Opvoedkundefakulteite se personeel, het immers geen navorsingskultuur nie. Dieselfde geld vir die gewese onderwyskolleges, waarvan Opvoedkundefakulteite onlangs 'n groot personeelkomponent moes inkorporeer.

Die gemelde Opvoedkundevaktydskrife is almal vaktydskrifte waar wetenskaplikes "vir mekaar skryf". Die tydskrifte se lesersgetalle onder onderwyspraktisyns is feitlik nul, en hulle artikels is nie gemik op onderwyspraktyk nie. Opvoedkunde aan Suid-Afrikaanse universiteite word tradisioneel beskou as 'n afgesonderde studieveld, verwyder van die werklikhede van die samelewing (Van den Berg, soos aangehaal deur Steinberg, 1987:16). 'n Kommunikasiekanaal tussen wetenskaplikes en praktisyns, waardeur laasgenoemde ingelig en voorgelig word oor nuutste navoringsbevindinge, soortgelyk aan *De Rebus* in die regswetenskappe, of *Lancet* en *South African Medical Journal* in die mediese praktyk, bestaan helaas tans nie in die Opvoedkundewetenskappe nie.

SA-eDUC se nis

Teenoor die proliferasie van Opvoedkundetydskrifte in Suid Afrika, soveel so dat daar op ten minste een se verskyning 'n *de facto* moratorium geplaas is as gevolg van 'n gebrek aan voorleggings; kan die totstandkoming van *SA-eDUC* vanuit die volgende nismark geregverdig word:

- Die lae navorsingsinset van Opvoedkundefakulteite, veral van junior en beginner akademici. Opvoedkundetydskrifte onderwerp, soos alle vakwetenskaplike tydskrifte, voorleggings aan keuring volgens streng, rigoristiese kriteria. Voorleggings word geplaas of afgekeur. SA-eDUC redaksionele beleid sal van die grondstelling uitgaan dat enige voorlegging ten minste 'n kiem van moontlikheid het. Keurders sal gevra word om aan te dui hoe voorleggings verbeter kan word ten einde publiseerbaar te word; en skrywers sal die geleentheid kry om hulle manuskripte te verbeter. Geen manuskrip sal volstrek afgekeur word nie.[1] So sal SA-eDUC se keuringsproses as 'n slypskool dien vir navorsers.
- Die behoefte aan 'n Opvoedkundetydskrif vir praktykbegeleiding; dit is om onderwysers voortdurend op hoogte van die nuutste Opvoedkundenavorsing te hou.
- Die afwesigheid van 'n elektroniese vaktydskrif. Tans is daar 'n wêreldwye neiging onder vaktydskrifte om na die elektroniese medium om te skakel. Ongeveer 10% van wetenskaplike tydskrifte wêreldwyd is reeds elektronies beskikbaar (Hodgson, 2003). Dit is onteenseglik so dat 'n elektroniese tydskrif in vergelyking met die tradisionele papierkopie tydskrifte meer koste effektief, vinniger disseminasie moontlik maak, en meer

[1] Dit was van krag toe die artikel gepubliseer is. Dit het intussen verander. Vergelyk die redaksionele beleid.

verbruikersvriendelik is ('n leser/navorser het altyd (24 uur) en oral — selfs in sy studeerkamer — toegang daartoe; 'n akademiese biblioteek hoef nie eers besoek te word nie). Daar word beplan om SA-eDUC in SABINET-Online se portaal te laat opneem. Laasgenoemde is 'n projek om Suid-Afrikaanse wetenskaplike tydskrifte op die internet te plaas. Teen Oktober 2002 het die bestuurder van die projek reeds 320 redakteurs genader, waarvan 235 toe reeds positief geantwoord het (Boshoff, 2002). 102 het op daardie stadium reeds kontrakte gesluit en 76 wou alreeds op internet gelaai word). Teen Junie 2003 het laasgenoemde syfer reeds op 113 gestaan (Boshoff, 2003).

Prospektus

Met die uitgawe van die hierbo uiteengesette nis in gedagte, is die beplande formaat van die tydskrif soos volg:

- artikels,
- standpunte en gesprekvoering: in dié afdeling word beoog om standpunte te stel en gesprek te voer oor aktuele onderwysaangeleenthede,
- resumés van voltooide magisterverhandelinge, doktorale tesisse, en ander voltooide navorsingsprojekte in Opvoedkunde,
- boekbekendstellings en -besprekenings.

Lesers word genooi om die volgende aan die redaksie voor te lê:

- artikels,
- standpunte oor onderwysaangeleenthede, asook antwoorde op standpunte van dié rubriek wat in die tydskrif verskyn,
- resumés van voltooide magisterverhandelinge, doktorale tesisse, en ander voltooide novorsingsprojekte, en
- resensies van boeke wat onlangs verskyn het op die terrein van Opvoedkunde.

Die tegniese vereistes vir voorleggings verskyn aan die begin van dié uitgawe.

Verwysings

ANON. 2002. Navorsing ... sò Boer SA agteruit. *Finansies & Tegniek*, 21 Julie.

BOSHOFF T 2002. Electronic publishing of journalism in South Africa. Paper presented at the first workshop on the *strategic management of South African research journals*, University of Pretoria, 18 October 2002.

BOSHOFF T 2003. E-pos kommunikasie aan skrywer, 2003.06.13.

DE LA REY C 2002. Quality evaluation and promotion of South African research journals. Paper presented at the first workshop on the *strategic management of South African research journals*, University of Pretoria, 18 October 2002.

FELDMAN KA 1987. Research productivity and scholarly accomplishment of college teachers as related to their instructional effectiveness. *Research in Higher Education*, 26:227-298.

GOLDSMITH JA, KOMLOS J & GOLD PS 2001. *The Chicago guide to your academic career: A portable mentor for scholars from graduate school through tenure*. Chicago, IL: The University of Chicago Press.

HODGSON A 2002. South African, Southern African, African ... A difference in coverage, as only in little? Paper presented at the first workshop on the *strategic management of South African research journals*, University of Pretoria, 18 October 2002.

MARAIS HC, WHITTLE EP, PUTH G, BREDENKAMP F, VAN ROOYEN R & KORH A 1988. Geesteswetenskaplike navorsing in Suid-Afrika: fokuspunte, hulpbronne en prestasies. In: Marais H (red.). *Suid-Afrika: Perspektiewe op die toekoms*. Hillcrest: Owen Burgess.

MWAMWENDA TS 1887. Faculties' and academics' involvement in research and academic publication activities. *South African Journal of Higher Education*, 11:93-97.

SMIT P 1989. The role of universities and technikons in research and the training of researchers. *South African Journal of Higher Education*, 3:24-35.

STEINBERG B 1987. Comparative Education in South Africa: An irrelevant academic exercise? In: Young D & Burns R (eds). *Education at the crossroads.* Cape Town: The School of Education, University of Cape Town.

SUTHERLAND L & WOLHUTER CC 2002. Do good researchers make good teachers? *Perspectives in Education*, 20:77-83.

UNESCO 1999. *Statistical Yearbook.* Paris: UNESCO.